Government Gazette

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Vol. 680 | Cape Town / Kaapstad | 9 February 2022 | No. 45893

THE PRESIDENCY

No. 811 **9 February 2022**

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

Act No. 16 of 2021: Criminal Procedure Amendment Act, 2021

DIE PRESIDENSIE

No. 811 **9 Februarie 2022**

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

Wet No. 16 van 2021: Strafproses-wysigingswet, 2021

ISSN 1682-5845

9 771682 584003 45893

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(English text signed by the President)
(Assented to 4 February 2022)

ACT

To amend the Criminal Procedure Act, 1977, so as to further regulate the publication of information which reveals or may reveal the identity of an accused, a witness or person against whom an offence has allegedly been committed who is under the age of 18 years; and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 154 of Act 51 of 1977, as amended by section 12 of Act 33 of 1986, section 3 of Act 103 of 1987 and section 68 of Act 32 of 2007

1. Section 154 of the Criminal Procedure Act, 1977, is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) *(a)* No person shall before, during or at any stage after the conclusion of criminal proceedings, in any manner, including on any social media or electronic platform publish any information which reveals or may reveal the identity of—

(i) an accused who is or was under the age of 18 years at the time of the alleged commission of an offence;

(ii) a witness who is or was under the age of 18 years at the time of the alleged commission of an offence; or

(iii) a person against whom an offence has allegedly been committed who is or was under the age of 18 years at the time of the alleged commission of the offence,

unless the publication of such information is authorized in terms of subsection (3B).

(b) Subject to paragraph *(a)*, the presiding judge or judicial officer at such criminal proceedings, may authorize the publication of as much of any information relating to the proceedings as he or she may deem fit, if the publication thereof would in his or her opinion be just and equitable and in the interest of any particular person."; and

(b) by the insertion after subsection (3) of the following subsections:

"(3A) Notwithstanding subsection (3)*(a)*, and in the event where substantial injustice would result and no other means are available, information may be published by a police official or by any other person, who is authorized by the National Commissioner of the South African Police Service or a person delegated by him or her—

(a) which reveals or may reveal the identity of an accused under the age of 18 years, if—

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken)
(Goedgekeur op 4 Februarie 2022)

WET

Tot wysiging van die Strafproseswet, 1977, ten einde die publikasie van inligting wat die identiteit van 'n beskuldigde, 'n getuie of 'n persoon teen wie 'n misdryf na bewering gepleeg is wat onder die ouderdom van 18 jaar is, openbaar of kan openbaar, verder te reël; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 154 van Wet 51 van 1977, soos gewysig deur artikel 12 van Wet 33 van 1986, artikel 3 van Wet 103 van 1987 en artikel 68 van Wet 32 van 2007

1. Artikel 154 van die Strafproseswet, 1977, word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) *(a)* Niemand mag voor, tydens of te eniger tyd na die afhandeling van strafregtelike verrigtinge, op enige wyse, met inbegrip van enige sosiale media of elektroniese platform, enige inligting publiseer wat die identiteit openbaar of kan openbaar, van—

(i) 'n beskuldigde wat onder die ouderdom van 18 jaar is of was ten tyde van die beweerde pleging van 'n misdryf;

(ii) 'n getuie wat onder die ouderdom van 18 jaar is of was ten tyde van die beweerde pleging van 'n misdryf; of

(iii) 'n persoon teen wie 'n misdryf na bewering gepleeg is, wat onder die ouderdom van 18 jaar is of was ten tyde van die beweerde pleging van die misdryf,

tensy die publikasie van sodanige inligting ingevolge subartikel (3B) gemagtig is.

(b) Behoudens paragraaf *(a)*, kan die regter wat voorsit of die regterlike beampte by sodanige strafregtelike verrigtinge, die publikasie magtig van soveel van enige inligting betreffende die verrigtinge soos hy of sy goedvind, as die publikasie daarvan na sy of haar oordeel regverdig en billik en in die belang van enige bepaalde persoon sal wees."; en

(b) deur die volgende subartikels ná subartikel (3) in te voeg:

"(3A) Ondanks subartikel (3)*(a)* en waar dit tot wesenlike onreg sou lei en geen ander middele beskikbaar is nie, kan inligting gepubliseer word deur 'n polisiebeampte of enige ander persoon wat gemagtig is deur die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens of 'n persoon deur hom of haar aangewys—

(a) wat die identiteit van 'n beskuldigde onder die ouderdom van 18 jaar openbaar of kan openbaar, indien—

(i) *(aa)* there are reasonable grounds to suspect that the accused committed an offence listed in Schedule 3 to the Child Justice Act, 2008 (Act No. 75 of 2008), or an offence which, if committed by an adult, would have justified a term of imprisonment exceeding 10 years; or

(bb) the accused escaped from lawful custody or any other place of detention or was released on bail or a warning and failed to appear or remain in attendance at the proceedings, as contemplated in section 67(1);

(ii) the South African Police Service has been unsuccessful in locating the whereabouts of the accused;

(iii) the information so published does not reveal the age of the accused or the fact that the accused is involved in the commission of the offence; and

(iv) it is necessary as a measure to locate the whereabouts of the accused;

(b) which reveals or may reveal the identity of a witness under the age of 18 years, if—

(i) it is necessary as a measure to locate the whereabouts of the witness to obtain a statement from him or her concerning the commission of any alleged offence, or to testify in criminal proceedings; and

(ii) the information so published does not reveal the age of the person or the fact the he or she may be a witness at criminal proceedings;

(c) which reveals or may reveal the identity of a person under the age of 18 years against whom an offence has allegedly been committed, if—

(i) it is necessary to locate the whereabouts of the person to prevent harm to such a person; and

(ii) the information so published is reasonably necessary in the circumstances to identify the person, or any other person who may have relevant information about the alleged offence or whereabouts of the person; or

(d) which reveals or may reveal the identity of a person under the age of 18 years, whether or not an offence has allegedly been committed against the person, if—

(i) it is necessary to locate the whereabouts of the person to prevent harm to such a person; and

(ii) the information so published is reasonably necessary in the circumstances to identify the person, or any other person who may have relevant information about—

(aa) an alleged offence which may have been committed against the person; or

(bb) the whereabouts of the person.

(3B) *(a)* The court before which criminal proceedings contemplated in subsection (3) have been concluded may, on application of an accused, a witness or a person contemplated in subsection (3)*(a)* who has attained the age of 18 years and where the court has granted an order that extends into adulthood, grant an order authorizing the publication of information which reveals the identity of the applicant, if the court is satisfied that the applicant understands the nature and effect of a court order in terms of this subsection.

(b) The High Court before which, or in whose area of jurisdiction, the criminal proceedings contemplated in subsection (3) have been concluded may, on the application of an interested person, grant an order authorizing the publication of information which may reveal the identity of a person contemplated in subsection (3)*(a)*.

(i) *(aa)* daar redelike gronde is om te vermoed dat die beskuldigde 'n misdryf gepleeg het wat in Bylae 3 tot die 'Child Justice Act, 2008' (Wet No. 75 van 2008), genoem word of 'n misdryf gepleeg het wat, indien 'n volwassene dit gepleeg het, 'n gevangenisstraf van meer as 10 jaar sou regverdig; of

(bb) die beskuldigde uit wettige bewaring of enige ander plek van aanhouding ontsnap het of op borgtog of met 'n waarskuwing vrygelaat is en versuim het om by die verrigtinge te verskyn of teenwoordig te bly, soos in artikel 67(1) beoog;

(ii) die Suid-Afrikaanse Polisiediens nie die beskuldigde kon opspoor nie;

(iii) die aldus gepubliseerde inligting nie die ouderdom van die beskuldigde of die feit dat die beskuldigde in die pleging van die misdryf betrokke is, openbaar nie; en

(iv) dit nodig is as 'n maatreël om die beskuldigde op te spoor;

(b) wat die identiteit van 'n getuie onder die ouderdom van 18 jaar openbaar of kan openbaar, indien—

(i) dit nodig is as 'n maatreël om die getuie op te spoor ten einde 'n verklaring van hom of haar te kry oor die pleging van enige beweerde misdryf, of om in strafregtelike verrigtinge te getuig; en

(ii) die inligting aldus gepubliseer nie die ouderdom van die persoon of die feit dat hy of sy 'n getuie by strafregtelike verrigtinge kan wees, openbaar nie;

(c) wat die identiteit openbaar of kan openbaar van 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar teen wie 'n misdryf na bewering gepleeg is, indien—

(i) dit nodig is om die persoon op te spoor ten einde leed aan sodanige persoon te voorkom; en

(ii) die inligting wat aldus gepubliseer is, onder die omstandighede redelikerwys nodig is om die persoon te identifiseer, of enige ander persoon te identifiseer wat moontlik tersaaklike inligting kan hê oor die beweerde misdryf of waar die persoon is; of

(d) wat die identiteit van 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar openbaar of kan openbaar, hetsy 'n misdryf teen die persoon gepleeg is al dan nie, indien—

(i) dit nodig is om die persoon op te spoor ten einde leed aan sodanige persoon te voorkom; en

(ii) die inligting wat aldus gepubliseer is, onder die omstandighede redelikerwys nodig is om die persoon te identifiseer, of enige ander persoon te identifiseer wat moontlik tersaaklike inligting kan hê oor—

(aa) 'n beweerde misdryf wat moontlik teen die persoon gepleeg is; of

(bb) waar die persoon is.

(3B) *(a)* Die hof waar strafregtelike verrigtinge bedoel in subartikel (3) afgehandel is, kan, op aansoek van 'n beskuldigde, 'n getuie of 'n persoon in subartikel (3)*(a)* beoog, wat die ouderdom van 18 jaar bereik het en waar die hof 'n bevel uitgereik het wat strek tot in volwassenheid, 'n bevel toestaan wat die publikasie magtig van inligting wat die identiteit van die applikant openbaar, indien die hof oortuig is dat die aansoeker die aard en uitwerking van 'n hofbevel ingevolge hierdie subartikel verstaan.

(b) Die Hoë Hof waar, of in wie se regsgebied, die strafregtelike verrigtinge beoog in subartikel (3) afgehandel is, kan op aansoek van 'n belanghebbende persoon, 'n bevel toestaan wat die publikasie magtig van inligting wat die identiteit van 'n persoon beoog in subartikel (3)*(a)* kan openbaar.

(c) In determining whether an order may be granted, a court referred to in paragraph *(a)* or *(b)* must take into account all relevant factors, including—

(i) the nature of the charges against the accused;

(ii) the age of the persons referred to in subsection (3)*(a)*;

(iii) the period which has elapsed since completion of the criminal proceedings and the application;

(iv) the interest of the public or any person or category of persons in the publication of such information;

(v) the interest of society to encourage the reporting of offences and the participation of witnesses and victims of offences in criminal justice processes;

(vi) the likelihood that the publication of such information, which reveals the identity of a person contemplated in subsection (3)*(a)*, will also reveal the identity of any other person contemplated in subsection (1), (2), (3)*(a)* or (5);

(vii) the nature and extent of any hardship that a person contemplated in subsection (3)*(a)* or any person related to such person may suffer if such information is published; and

(viii) the effect of the order on—

(aa) a person's freedom of expression; and

(bb) the dignity, security and privacy of a person referred to in subsection (3)*(a)* or any person related to such person.

(d) A court may, if it deems it in the interest of the administration of justice, hold a hearing to determine whether an order should be granted.

(e) A hearing contemplated in paragraph *(d)* must take place behind closed doors and no person shall be present at such hearing, unless his or her presence is necessary in connection with such hearing or is authorized by the court.

(f) The verdict of the court must be delivered in open court: Provided that the court may decline to state in open court all or any of the facts, reasons or other considerations that it has taken into account in reaching its verdict, if it is of the opinion that the identity of a person contemplated in subsection (3)*(a)* may be revealed thereby.

(g) No person shall in any manner disclose—

(i) the contents of an application;

(ii) any evidence taken, information provided or submissions made at the hearing; or

(iii) any other information that may reveal the identity of a person contemplated in subsection (3)*(a)*,

unless it is authorized by the court or required in the course of further legal proceedings relating to the hearing or in the course of the administration of justice.".

Short title and commencement

2. This Act is called the Criminal Procedure Amendment Act, 2021, and comes into operation on the date of publication in the *Gazette*.

(c) By beslissing of 'n bevel toegestaan kan word, moet 'n hof bedoel in paragraaf *(a)* of *(b)* alle tersaaklike faktore in ag neem, met inbegrip van—

(i) die aard van die aanklagte teen die beskuldigde;

(ii) die ouderdom van die persone in subartikel (3)*(a)* bedoel;

(iii) die tydperk wat sedert die afhandeling van die strafregtelike verrigtinge en die aansoek verloop het;

(iv) die belange van die publiek of enige persoon of kategorie van persone in die publikasie van sodanige inligting;

(v) die belang van die samelewing om die aanmelding van misdrywe en die deelname van getuies en slagoffers van misdrywe in strafregtelike prosesse aan te moedig;

(vi) die waarskynlikheid dat die publikasie van sodanige inligting, wat die identiteit van 'n persoon beoog in subartikel (3)*(a)* openbaar, ook die identiteit van enige ander persoon beoog in subartikel (1), (2), (3)*(a)* of (5) sal openbaar;

(vii) die aard en omvang van enige ontbering waaraan 'n persoon in subartikel (3)*(a)* beoog of enige persoon wat aan sodanige persoon verwant is, blootgestel kan word indien sodanige inligting gepubliseer word; en

(viii) die uitwerking van die bevel op—

(aa) 'n persoon se vryheid van uitdrukking; en

(bb) die waardigheid, veiligheid en privaatheid van 'n persoon in subartikel (3)*(a)* bedoel of enige persoon wat aan daardie persoon verwant is.

(d) 'n Hof kan, as die hof dit in die belang van die regspleging goedvind, 'n verhoor hou om te beslis of 'n bevel toegestaan moet word.

(e) 'n Verhoor in paragraaf *(d)* bedoel, moet agter geslote deure plaasvind en niemand mag by sodanige verhoor teenwoordig wees nie, tensy sy of haar teenwoordigheid nodig is in verband met sodanige verhoor of deur die hof gemagtig word.

(f) Die uitspraak van die hof moet in 'n ope hof gelewer word: Met dien verstande dat die hof kan weier om in ope hof alle of enige van die feite, redes of ander oorwegings wat die hof in ag geneem het in die bereiking van die uitspraak, indien die hof van oordeel is dat die identiteit van 'n persoon in subartikel (3)*(a)* beoog, daardeur openbaar kan word.

(g) Niemand mag op enige wyse—

(i) die inhoud van 'n aansoek;

(ii) enige getuienis afgeneem, inligting voorsien of voorleggings by die verhoor gemaak; of

(iii) enige ander inligting wat die identiteit van 'n persoon beoog in subartikel (3)*(a)* kan openbaar,

openbaar nie, tensy dit deur die hof gemagtig is of in die loop van verdere verrigtinge betreffende die verhoor of in die loop van die regspleging vereis word.''.

Kort titel en inwerkingtreding

2. Hierdie Wet heet die Strafproseswysigingswet, 2021, en tree in werking op die datum van publikasie in die *Staatskoerant*.

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065